# ’n Woord van waardering oor Theo van der Merwe as mens en vriend[1]

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

*Heléne, Theodor, George, Irene, Lenette, kleinkinders, ander familie, vriende, oudkollegas en studente*:

## 1. ’n Moeilike versoek

Om die volgende drie redes spreek ek vandag met groot huiwering ’n paar woorde oor Theo as mens en vriend. In die eerste plek was hy, soos ook elkeen van ons, soos die verskillende kleure van ’n reënboog – ’n mens met vele kante. Die beste wat ek dus kan doen, is om ’n paar fasette van sy ryk geskakeerde persoonlikheid en lewe uit te lig wat myself die meeste getref het.

Die tweede rede vir my huiwering is dat sonder om hagiografie (heiligeverering) te pleeg, ons moet sê dat Theo, ten spyte van sy gebreke, ’n heilige was – ’n heilige in die Bybelse sin van die woord.

In die derde plek rus vandag op my die verantwoordelikheid om namens baie ander te praat. Baie het reeds hulde gebring by wyse van besoeke, telefoonoproepe, telegramme, briewe en e-posse. Dit het ook gebeur by die afgelope Calvynkongres in Stellenbosch, asook vanuit die buiteland.

---

1 Uitgespreek by die teraardebestelling van Theo op Heidelberg, asook die gedenkdiens te Potchefstroom op 22 en 23 September 2004.

Ons weet nie wat God in die Boek van die Lewe opgeteken het nie. Ek dink Theo self sou ook heelwat wou verander aan wat ek nou gaan sê. Dit wat ek egter gaan sê, kom opreg uit die hart.

Eintlik sou ek kon volstaan deur net te sê: Theo se voorbeeld het ’n verskil – ’n baie groot verskil – in my lewe gemaak. Die manier waarop hy gedink en gedoen het, het ’n onuitwisbare stempel afgedruk op baie mense met wie sy lewenspad gekruis het. Hy het die lewens van talle mense verryk en met nuwe geloof, hoop en liefde gevul.

Hoekom was dit so? Wat was die geheim van sy lewe? Wat kan ons van hom by hierdie huldigingsgeleentheid leer? Of: wat is sy geestelike nalatenskap aan ons? Of nog anders gestel: hoe kan Moses se gebed in Psalm 90 (waarvan ons so pas in die preek gehoor het), dat die Here die werk van sy hande bevestig, ’n werklikheid in ons lewens word?

## 2. Krag in swakheid

Die aand toe Theo oorlede is, was dit my en Hannetjie se voorreg om saam by die sterfbed te bid en uit 2 Korintiërs 4:7-10 te lees. Die woorde “ons is maar swak kleipotte” is op ’n besondere wyse van toepassing op Theo se hele lewensloop. Alreeds as jong seun moes hy groot operasies ondergaan en daarna met ’n brose gestel lewe.

Die volgende woorde “Die sterwe van Christus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat die lewe van Jesus sigbaar kan word” tipeer vir my nog duideliker sy lewe. Miskien was dit juis omdat hy liggaamlik so *swak* was, dat “die *krag* van God wat alles oortref” so helder uit hierdie “kleipot” kon straal.

## 3. Sewe helder reënboogstrale

Wat het Theo na ons uitgestraal? Myns insiens niks anders nie as die wonderlike krag en die vrug van die Heilige Gees waarvan ons in Galasiërs 6:22 lees. Ek noem sewe van hierdie helder “reënboogstrale”:

### 3.1 Liefde

Theo was ’n mens met onbaatsugtige *liefde* en byna ondenkbare *goedheid*. Hy het intens belang gestel en meegeleef – ook meegely – met die wel en die wee van sy medemens. Baie van ons het van hom kaartjies, briefies, boeke, blomme, lekkernye en ander geskenkies ontvang.

Maar hy het nie bloot net iets van homself gegee nie, hy het homself ook gegee – selfs toe sy kragte al min was. Ek noem die volgende as voorbeelde: hoe deeglik het hy sy werk as departementshoof gedoen en hoe noukeurig het hy nie sy studente se referate, verhandelings en proefskrifte deurgegaan nie; studente met allerlei krisisse (tot selfmoordneigings) het hy tot laat in die nag gehelp; Lena, sy huishulp, het hy gehelp om 'n huis te bekom; en saam met Magda van Niekerk het hy dieselfde gedoen vir Shadrach, hulle gesamentlike tuinhulp; selfs na 'n minderwaardige toespraak of artikel het Theo altyd begin deur te sê wat hy daarin kon waardeer – eers daarna het sy kritiek gevolg in die vorm van "Wil jy nie 'n bietjie oor die volgende punte ook nadink nie?" of: "Dalk kan ons dit beter soos volg probeer formuleer."

Na sy aftrede (vanaf 1993) het Theo heelwat tyd en energie bestee aan die Engelse taalversorging vir 'n aantal Koreaanse studente. Hy het besondere begrip getoon vir die soms byna onoorkombare probleme en misverstande wat die hantering van 'n vreemde taal op wetenskaplike gebied vir dié studente veroorsaak het. Hy het 'n diepgaande respek vir die integriteit van die studente se pogings openbaar, en het hulle ondersteun om dit waarvan hulle oortuig was, so verstaanbaar en genuanseerd moontlik te stel. Sy hulp en bystand het gelei tot die suksesvolle afhandeling van die proefskrifte van di. Han Yong Lee (Peter Lee), Mu-Hyun Song, Suk-Jin Bang en Ki-man Bae. Dit was ook vir hom 'n voorreg om sy vriend ds. Dongo Shin te ondersteun in sy sendingwerk. Uit die versorging van Dongo se preke in Engels het diepgaande gesprekke en 'n verrykende geestesband ontwikkel.

Theo se liefde vir mense en sy vak het hom in staat gestel om met gesag te kon praat, en insig oor God se skepping en norme te verkry.

As leier het hy ook geweet wat dit beteken om 'n amp te beklee en mag uit te oefen, naamlik om die spesifieke roeping van ander te bevorder en hulle daarvoor te bemagtig. In gesag en mag gaan dit volgens die Bybel nie oor eie ambisie, glorie, selfbevoordeling en outoritêre optrede nie, maar presies die teenoorgestelde. As leierskap – ook deur Christene – nie liefdevolle, dienende leierskap is nie, is dit selfvernietigend, sowel vir diegene wat dit uitoefen as dié wat daaronder ly. In ons sekulêre, neo-Kapitalistiese, pragmatistiese magshongertyd waarin alles bloot om kompetisie en wins gaan, kan ons veel van Theo se "servant leadership" leer. Dit geld nie net vir die PUK nie, maar ook vir elke ander terrein waar gesag en mag ter sprake is.

## 3.2 Vreugde

’n Tweede vrug van die Gees wat ons bemerk het, is *vreugde*. As iemand sou dink dat Theo ’n somber, swartgallige mens was, het hulle hom glad nie geken nie. Hy het ’n fyn sin vir humor gehad. Hy kon *groot* vreugde in *klein* dingetjies vind, soos om ’n toebroodjie, koppie koffie of tee of ’n pakkie biltong langs die pad te geniet. Hy het (veral toe hy moeiliker kon beweeg) die voëls en blomme in sy tuin baie geniet. Die natuurskoon van die Drakensberge en die dierelewe van die Krugerwildtuin (sy laaste vakansie) het hy waardeer. Hy het ook baie van musiek gehou. Soos sy foto voor op die begrafnisbrief toon, kon hy ook hartlik, soms baie ondeund, saam lag. Ek dink daar kon soveel vreugde in Theo se lewe wees, omdat hy so ’n erkentlike en dankbare mens was – selfs vir die geringste blykie van waardering.

Hoe het dit met ons waardering teenoor hom gestaan? Hoeveel het ons gedoen om meer vreugde in sý lewe te bring? Soos enige mens het hy ook behoefte gehad aan erkenning en aanmoediging. Hiervan het hy ongelukkig veels te min ontvang. Waarom is daar byvoorbeeld by die laaste geselligheid van die Skool vir Filosofie wat hy kon bywoon geen enkele woord van waardering vir sý lang bydrae – meer as 35 jaar – in dié vak gemeld nie?

## 3.3 Vrede

’n Derde kleur van die reënboog is *vrede* – ’n diep soort rustigheid. Is dit die “vrede van God wat alle verstand te bowe gaan” waarvan die Bybel praat? Theo se vrede het kalmerend op mense rondom hom ingewerk. Ek het hom nooit sy selfbeheersing sien verloor nie.

Dit beteken egter nie dat hy ’n “sagmoedige Neelsie” was nie. Hy kon hewig ontsteld raak oor magsmisbruik, konkelry, onreg en ongeregtigheid. Hy het rotsvas gestaan by dit wat hy geglo het God se waarheid en Bybelse beginsels was. Sy eerlikheid en vasberadenheid het nie toegelaat dat hy sy oortuigings ter wille van guns of gewin afgewater het nie. Vir die regte saak kon hy, as dit moet, soos ’n leeu veg!

Daarvoor het hy nie baie woorde nodig gehad nie, want hy was begaafd met besondere skerpsinnigheid. Hy kon vinnig tot die kern van ’n saak deurdring. Min mense het dit teen sy logika gewaag! Daarby het Theo egter die gawe gehad om, soos die Bybel aan ons voorskryf, “die waarheid in liefde te betrag” – ook teenoor diegene wat van hom verskil het.

## 3.4 Geduld

In die vierde plek praat die Bybel nie verniet van die vrug van die Gees nie. Onafskeidelik verbonde aan die vorige reënboogstrale is *geduld*.

Ek het myself baie keer afgevra wanneer ek ’n probleem of artikel met hom bespreek het: Hoe is dit moontlik dat iemand met soveel intelligensie, belesenheid en kennis soveel geduld kan hê? Of, hoeveel geduld moes dit nie van hom geverg het nie, om as kassier van ’n klein en arm gemeentetjie soos Boskop Gereformeerde Kerk, elke maand die geldstukkies te tel nie?

Theo se groot geduld het my telkens herinner aan God se groot geduld met ons, soos veral in Christus geopenbaar. As gevolg van sy geduld het hy in sy denke ruimte en begrip gehad vir die veelkantigheid van sake en ander mense.

## 3.5 Vriendelikheid

*Vriendelikheid* is die volgende reënboogstraal wat ons opgevang het. Theo was ’n fynopgevoede, fyngemanierde, eerbare, bedagsame, konsiderende, milde mens – egter veel meer as ’n blote *gentleman*. Sy eie vriendelikheid was nie gereserveer vir ’n eie groep, klas of kliek nie. Hy het nie volgens status of rang onderskeid gemaak nie. Hy het almal – die skrynwerker, elektrisiën en huishulp – gelyk behandel as mense wat geskape is na God se beeld. Hy het hulle menswaardigheid ten volle gerespekteer.

## 3.6 Getrouheid

Veral in ’n tyd waarin ’n mens feitlik niemand meer werklik kan vertrou nie, het dit my dalk die meeste getref. Aan ons vriend se absolute lojaliteit en integriteit het ek nooit getwyfel nie. Daar was geen dubbele of verskuilde agendas nie. Jy kon honderd persent op Theo staatmaak!

Dit beteken nie dat hy nie eerlik vir jou sou sê as hy nie met jou saamstem nie. Maar in so ’n geval kon ’n mens maar luister waarom nie, want hy was ’n wyse mens. Wysheid het vir hom veral beteken ’n skerp insig in God se norme vir ons lewe, asook ’n bereidheid om self daadwerklik daarvolgens te lewe.

Theo was ’n baie netjiese, uiters presiese, noukeurige, deeglike mens – ’n perfeksionis. As gevolg daarvan het hy buitengewone hoë eise aan homself gestel. Hoewel hy oor besondere taalvaardigheid

(in verskeie tale) beskik het, is elke woord geweeg. Die resultaat was dat hy min gepubliseer het – ’n groot jammerte. ’n Versameling van sy geskrifte het ons ’n klompie jare gelede bymekaar gemaak, maar hy wou dit nie laat publiseer voordat hy dit weer deeglik nagegaan het nie. Ek hoop tog dat dié geskrifte nog eendag sal kan verskyn!

Een van sy leermeesters in Nederland, prof. S.U. Zuidema, het in dié verband ’n keer met deernis gesê: “Die liewe Theo, hy wil nou al leef asof hy alreeds in die ewigheid is.” ’n Ander voorbeeld: as die driemaandelikse verslag van die Boskopgemeente se bydraes, het die kerkraad van die kassier, prof. Theo, net een geskrewe bladsy verwag. In plaas daarvan ontvang die kerkraad egter ’n rekenaaruitdruk van nie minder nie as agt bladsye – boonop met die nota daarby dat hy dit nog ’n keer finaal wil kontroleer!

### 3.7 Nederigheid

Die laaste, sewende reënboogstraal is *nederigheid*. Calvyn het al gesê dat die heel belangrikste vereiste vir ’n ware Christelike lewensvisie (filosofie) in die eerste plek nederigheid, in die tweede plek nederigheid en in die derde plek – nogeens – nederigheid is.

Theo het hierdie uitspraak in sy denke en lewe vergestalt. Een van sy jarelange vriende, prof. Hennie Rossouw van Stellenbosch, skryf op 15 September 2004 in ’n troosbrief aan Heléne dat ons almal sal onthou “van die nederigheid waarmee hy sy werk gedoen het, wars van enige sug na eie roem, altyd bereid om ander krediet en lof te gee”.

Hierdie beskeidenheid het byna paradoksaal saamgegaan met sy geboeidheid deur die radikaliteit van ’n Reformatoriese lewensvisie en filosofie. Daarom het Theo se kontak met prof. J.A.L. Taljaard van die destydse Potchefstroomse Universiteit vir CHO, hom uiteindelik gebring aan die voete van prof. D.H. Theodor Vollenhoven aan die Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland. Vollenhoven, wat in baie opsigte ’n mens soos Theo was, het Theo se geestelike vader geword.

## 4. Naby die Bron van die lewe

Bogenoemde was enkele helder, uitstaande kleure van die veelkleurige reënboog van Theo se lewe. Laat ons dit sien saam met iets baie belangriks waaraan Vollenhoven sy jong student, Van der Merwe, vroeg al herinner het. Vollenhoven het gesê: “Onthou, die woorde (uit Ps. 36:10b) ‘in U lig sien ons die lig’ (die 1953-

vertaling) word voorafgegaan deur 'n belangriker belydenis van die psalmis, naamlik 'U is die bron van die lewe'." Met hierdie woorde het ons, myns insiens, die diepste Bron of Geheim aangeraak in die lewe van Theo van der Merwe.

Theo was 'n kind van God. Hy was 'n diep gelowige mens. Uit dié Bron het hy in swakheid sy krag geput. Uit dié Bron het, soos ons gesien het, die ryke vrug van die Gees gegroei. By dié Bron het hy geleer om wetenskap werklik "in U lig" te kon beoefen.

## 5. Aan die familie

'n Onafskeidbare deel van wat Theo vir ons so besonder gemaak het, was jy, Heléne. Deur baie krisisse en hartseer heen was jy vir 46 jaar lank sy lewensmaat en steunpilaar. Jy was ook bereid om sy tyd te deel met baie wat by hom om hulp en raad aangeklop het. Jy het hom tot aan die einde met groot begrip en deernis versorg.

Theodor, jy het met groot toewyding en liefde die afgelope jare – en veral die afgelope maande – jou ouers bygestaan. Tot op die laaste oomblik het jy met kunsmatige asemhaling nog probeer om jou vader vir ons almal te behou. Maar jy het ook die groot voorreg gehad om te sien hoe hy met vrede deur die poort van die dood gegaan het.

Irene, George, Lenette, ek weet dat elkeen van julle 'n spesiale plekkie in sy groot en warm vaderhart gehad het. Dankie vir julle ondersteuning die afgelope dae. JP, Heilet, Joshua en klein Hannah, julle het veel meer vir hom beteken as wat julle kan dink. As julle kom kuier het, was daar 'n glans van besondere blydskap in oupa Theo se oë!

## 6. Volg sy voorbeeld

Ter afsluiting keer ons terug na ons begin. Ons het begin deur te vra wat vir vandag en ook vir môre en oormôre, die geestelike nalatenskap van Theo vir ons is. Theo se erfenis aan ons kan baie eenvoudig na aanleiding van die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 11:1 saamgevat word, naamlik dat ons sy voorbeeld moet navolg soos hy sy Koning, Jesus Christus, as voorbeeld gevolg het.

Dit is 'n besondere nalatenskap – min mense durf vandag sê "volg my". Maar as ons daarmee erns maak, sal ons ook, soos Theo gedoen het, 'n verskil kan maak – selfs in die nederigste taak waartoe God ons roep.

Dit was vir my ’n buitengewone voorreg om so ’n onvergeetlike Christenmens soos Nicolaas Theodor van der Merwe as vriend te kon hê. Baie dankie dat ek ter afskeid iets oor hom kon sê. Ons almal dank die Heer vandag vir ’n geliefde man, vader, oupa, oud-kollega, dosent en vriend.